

Boekbesprekings/Book Reviews

Belinda, Bozzoli (in samewerking met Mmantho Nkotoso), *Women of Phokeng: Consciousness, Life Strategy, and Migrancy in South Africa, 1900-1983* (Johannesburg, Ravan, 1991), xi + 279 pp., register, kaarte en foto's. ISBN 0869754173.

In die lig van die groter klem wat daar die afgelope jare op sosiale geskiedskrywing geplaas word, asook die dringende behoefte aan die tydige optekening van mondelinge oorleweringe – wat historici in staat kan stel om groter reg aan die geskiedenis van veral swart Suid-Afrikaners te laat geskied – moet die publikasie van 'n belangrike werk soos Belinda Bozzoli se *Women of Phokeng* verwelkom word.

Die boek skets op die oppervlak die lewensverhaal van twee-en-twintig gewone dog merkwaardige Bafokeng-vroue, wat teen die begin van die twintigste eeu in die landelike omgewing van Phokeng (naby Rustenburg) opgegroeï, later verstedelik en uiteindelik na hul geboortedorp teruggekeer het om hul laaste lewensjare as pensionarisse te slyt. Dit begin meer spesifiek met 'n kort oorsig oor die voorgeskiedenis van Phokeng en werp in die eerste hoofstukke lig op aspekte soos die Bafokeng se lewenskragtige akkerbou-veeboer-ekonomie, lewenstandaard en stratifikasie, arbeidsverdeling, skoolopvoeding, die uitwerking van die koms van 'n geldeconomie en die Christelike godsdiens, asook die rol van 'etnisiteit' in die Bafokeng-samelewing.

In latere hoofstukke ontleed die skryfster die veelvuldige redes vir verstedeliking en werp meer lig op werksomstandighede in die stede, lone, ondersteuningsnetwerke, die vroue se verhoudingslewe, asook die lewensomstandighede in historiese woongebiede soos Sophiatown, Alexandra en Vrededorp. Dit vertel van geweld in die swart woonbuurte, botsings met die polisie, die toenemende verpolitiserings van die stedelike swart gemeenskap en die ontstaan van 'n kultuur van verzet teen die institusionalisering van segregasie en apartheid, wat gedurende die veertiger- en vyftigerjare op die 'Defiance Campaign' en die 'Anti-pass Campaign' sou uitloop.

In die laaste twee hoofstukke ondersoek die outeur die trek- en drukfaktore wat die vroue laat terugkeer na 'n Phokeng, wat intussen as gevolg van mynbou en die uitkringende invloed van apartheidswetgewing ingrypende veranderinge ondergaan het, en ontbloot die tragiek van finansiële nood en voorbereiding vir die dag van dood.

Op 'n dieperliggende, meer intellektuele vlak probeer die outeur deurgaans bepaal hoe die vroue gedink het oor hul posisie as lede van 'n patriargale Bafokeng-gemeenskap, as swartmense binne 'n rasverdeelde Suid-Afrikaanse samelewing, as werkers in 'n kapitalistiese en toenemend geïndustrialiseerde ekonomie, en ook as vroue in 'n samelewing waarin mans die botoon voer. Sy ontleed verder die ontplooiing van 'n 'lewensstrategie', wat die produk was van sowel sosio-ekonomiese en kulturele agtergrond as die materiële strukture waarin

die vroue vasgevang was. Daarbenewens peil sy die wisselwerking tussen kragte wat van buite op die vroue se historiese belewenis ingewerk het en hul vermoë om by veranderende omstandighede aan te pas of selfs teen ontwrigting van hul bestaan weerstand te bied.

Die enigste noemenswaardige leemte in die boek is dat die teks meer vaartbelyn kon gewees het. Daar is talle onnodige herhalings, soos byvoorbeeld die werkverdeling tussen Bafokeng-seuns en -meisies wat op bladsy 44, 45-47 behandel en op bladsy 89 herhaal word, of die invloed van die onderskeie kerkinstellings op godsdienstige en opvoedkundige terrein, wat op sowel bladsy 72 as bladsy 73 genoem word. Soms word argumente selfs binne dieselfde paragraaf herhaal (kyk byvoorbeeld die inleidende en slotsin van paragraaf 1 op bladsy 81).

Women of Phokeng is nietemin wat alle ander aspekte betref, 'n werk van hoogstaande gehalte. Dit is gegrond op indringende navorsing, waarin die hulp van Mmantho Nkotoso, met haar vaardighede in die optekening van mondelinge getuïenis en besondere aanklank by die informante, duidelik van onskatbare waarde was. Verder is die outeur se benadering deurgaans krities, vertolkend en gebalanseerd. Gemeenskaplikhede in die getuïenis word wel uitgewys en bepaalde 'karaktertipes' onderskei, maar daar word deurgaans streng teen veralgemening en vae teoretisering gewaak. Die oorspronklikheid van die boek is miskien juis daarin geleë dat die vroue se vertellings nie bloot as toeligtig aangewend word nie maar die hoofklem ontvang. Boonop word die stof met 'n goeie begrip van tydruimtelike konteks en 'n besondere sensitiwiteit vir die ingewikkelde verweefdheid van elk van die informante hanteer. Die outeur besef dan ook dat 'n suiwer histories-materialistiese benadering nie voldoende is om die lewenshouding en optrede van die informante te verklaar nie en stel haar dus ook oop vir die invloed van Afrikaniste in 'n poging om die komplekse wisselwerking tussen persepsies van klas, ras, kultuur en geslag raak te vat.

'n Aantal nuttige kaarte en treffende foto's verhelder die teks en oriënteer die leser geografies, terwyl gedetailleerde voetnote aan die einde van die boek begrippe verklaar wat vir die leser onbekend mag wees. Daar is ook 'n bruikbare register asook 'n bronnelys waarin die belangrikste bronne wat die tema van die boek aansny, opgeneem is.

Women of Phokeng het 'n besondere wye trefwydte. Die streekhistorikus sal in die boek waardevolle inligting aantref oor 'n streek waaroor daar nog baie min navorsing gedoen is; ander historici sal hierdie bydrae tot mentaliteitsgeskiedenis boeiend vind en ook hul insig verdiep in die traumatiese twintigste eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis; sosioloë wat die werk onder oë kry, sal moontlik hul metodes aanpas wanneer hulle oor Afrika-gemeenskappe navorsing doen, en diegene wat spesifiek in vrouestudies belangstel, sal hierdie boek, waarin die vrou sentraal geplaas word, besonder insiggewend vind. *Women of Phokeng* is 'geskiedenis van

onder af' soos dit geskryf behoort te word en slaag beslis daarin om “[to make] a small contribution towards creating...a humane and democratic society, in which all are respected for who and what they are” (p.15).

Henriëtte J. Lubbe

Universiteit van Suid-Afrika